

Danie Mouton

From: Dries Coetsee [ngnoord@net4u.co.za]
Sent: 10 November 2007 08:56
To: Danie Mouton
Subject: Konsultasie_met_gemeentes_Terugvoervorm_2007
Attachments: header.htm

TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: NG Gemeente Oos-Londen-Noord **Sinode:** *NG Kerk in Oos-Kaapland*

Belangrik

1. Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepsgesprekke in die gemeente. 'n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.
2. Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle "rou data", maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.
3. Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die sinodale kantoor wees nie. **Stuur dit aan:** Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055.
4. Volledige bronne oor kerkhereniging is beskikbaar by www.ngkok.co.za/eenheid. Dit sluit **hierdie terugvoervorm** en die meegaande boekie, **Konsultasie oor Kerkhereniging**, in.

A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle
[Merk al die blokkies wat van toepassing is]

.. * Kerkraad
.. * Wyke
.. * Kleingroepe
.. * Lidmate: byeenkoms
.. Lidmate: individueel
.. Ander:
.....

2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?

.. * Ja
.. Nee

B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?

Mening oor die voorstel?

Die Kerkraad besluit in vergadering op 10 September 2007 om die Sinode te versoek om aan die taakspanne die volgende deur te gee:

1. Die belydenis van Belhar sê met die uitsondering van artikel 4 niks meer as wat ons bestaande belydenisskrifte reeds sê nie. Ons kan daarom nie die nodigheid van belydeniswysiging insien nie. Aangesien die belydenis van Belhar, die agtergrond daarvan en spesifiek die inhoud van art 4 in die pad staan van kerkhereniging, versoek die kerkraad die Sinode om aan die betrokke vergaderings deur te gee dat ons van mening is dat die belydenis van Belhar die status van 'n belydsdokument saam met Kerk en samelewing verkry en sodanig in die nuwe kerk hanteer word. Dit beteken dat die kerkraad besluit dat die belydenis van Belhar uit die proses uitgehaal word en dat voortgegaan word met kerkhereniging. Hierdie gedagte word deur die onderskeie groepe in die gemeente wat konsulteer is, ondersteun.
2. Die kerkraad spreek homself uit oor die polimiek wat tans aan die gang is tussen die VGK en die NGKA en betuig sy teleurstelling oor die woorde wat in openbare vergaderings deur Ds Kgatla gebruik is om sy broers in die NGKA te beskryf – en dan by name dat hy hulle “tweegat jakkalse” noem. Die kerkraad bevraagteken die erns waarmee Ds Kgatla kerkhereniging benader as hy bereid is om sulke opmerkings oor

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

ander gelowiges te maak selfs al het dit nie in die openbaar geskied nie.

3. Die kerkraad gee aan die sinode deur dat nog hy nog sy leraars bereid is om die belydenis van Belhar te onderskryf of te onderteken. Hierdie gedagte word ook deur die groepe in die gemeente ondersteun.

Nuwe/ ander voorstelle?

Die kerkraad daag die leierskap van die VGK uit om, aangesien hulle so sterk bly staan op die aanvaarding van die belydenis van Belhar, uitvoering te gee aan die volle konsekwensies van artikel 5 en met die ANC regering in gesprek te gaan waarin hulle hulle duidelik uitspreek teen die huidige onderdrukkende apartheidswetgewing soos dit vervat is die wet op gelyke indiensneming. Die druk wat by wyse van apartheidswetgewing op maatskappye geplaas word om ongeag van 'n persoon se onvermoë om sy pligte na behore na te kom swart mense in sleutelposte aan te stel sien die kerkraad as onderdrukkende wetgewing wat na dertien jaar van demokrasie nie meer nodig is nie. Dieselfde geld vir die "Black Empowerment" wat uit en uit daarop gemik is om blanke persone uit sleutelposte te hou.

Die kerkraad getuig dat hy, in die lig van bogenoemde, die noodsaaklikheid kan insien dat daar 'n periode van ommekeer in die land moes wees, maar is van mening dat dit nou te lank aanhou en gewoon dieselfde krag en effek van die onderdrukkende apartheidswetgewing van voor 1994.

C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

Die kerkraad besluit dat die gereformeerde aard van die model, soos vervat in die presbiteriaal-sinodale stelsel van kerkregering onder geen omstandighede onderhandel kan word nie. Die kerkraad vereis dat enige nuwe formaat van kerkorde erkenning bly verleen daaraan dat die finale besluitnemingsbevoegdheid oor sowel die bediening as eiendomme van die gemeente by die kerkraad berus en dat as daar aan hierdie stelsel enigsins verander word, die kerkraad hom van die eenheidsproses sal distansieer. Hierdie besluit word ondersteun deur die onderskeie groepe in die gemeente.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

D. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

Die kerkraad het waardering daarvoor dat die nadenke rondom kerkeenheid erkenning verleen daaraan dat eenheid van gemeente na sinode moet deurwerk en verbind hom aan die bestaan en nuwe samewerkingsooreenkomste in die gemeentelike en ringsverband.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?


E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:


Mening oor die voorstel?

Versoening is na die mening van die kerkraad en gemeente wesenlik deel van Christenwees. Vandaar die kerkraad en gemeente se teleurstelling in Ds Kgatla se uitsprake oor sy broers in die NGKA. Die kerkraad en gemeente vereenselwig hom met die voorstel soos dit vervat is.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?



Nuwe/ ander voorstelle?



F. Moontlike naam van 'n nuwe kerkverband

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van 'n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

Die Kerkraad en gemeente is van mening dat 'n nuwe naam vir 'n verenigde kerk nie een van die vier bestaande kerke se name moet dra nie, maar dat ons gereformeerde aard wel in die naam vervat moet word. 'n Voorstel vir 'n nuwe naam vir die kerk is uit die gemeente ontvang nl die Suid Afrikaanse Gereformeerde

kerk (South African Reformed Church) In konsultasie het die voorsteller ingestem dat dit moontlik gewysig kan word na die Suider Afrikaanse Gereformeerde kerk (Southern African Reformed Church) om die bestaan en bydraes van die Sinodes en gemeentes in ons buurlande in te sluit in die nuwe naam.

Indien daar inligting is wat nie in die gegewe blokkie kon inpas nie, of ander sake wat u sou wou noem, kan u dit aan hierdie vorm heg.

Baie dankie vir u deelname en aandeel!!

Stuur hierdie vorm voor 31 Oktober 2007 aan: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055